

# PAARL-SKOOL
**NUUSBRIEF 2/2024**

# PAARL SCHOOL
**NEWSLETTER 2/2024**

Waaraan dink julle wanneer julle die woord "feëverhaal" hoor? Feetjies, dwergies, kabouters, eekhorings en vele meer. Stories wat te goed is om waar te wees, dinge wat ons nie in ons wildste drome sou kon droom nie. Paarl-skool het 328 sulke feëverhale... Elke kind by Paarl-skool skryf sy eie feëverhaal. Daar is baie verskillende karakters wat elkeen 'n belangrike bydrae maak in hierdie verhale, maar sentraal in Paarl-skool se feëverhale is ons kinders. Hulle stories van moed, deursettingsvermoë en natuurlik, dit wat my altyd na aan die hart sal bly, hul gelukkige gesiggies.

Neem u tyd om rustig deur hierdie nuusbrief te lees en na die foto's te kyk, want dit is 'n getuienis van wonderwerke op vele gebiede. U as ouer se ondersteuning en onvoorwaardelike liefde het 'n groot invloed op die ontwikkeling van u kind se "storie".

Ek is baie trots op Paarl-skool se kinders, op alles wat hul aanpak en dit wat hulle bereik op kulturele-, sport- en akademiese gebied, sowel as persoonlike mylpale. Dit is altyd lekker om met ons kinders te spog, hetsy tydens 'n ouma-en-oupadag, koffiewinkel, met radio-onderhoude en tydens skoolaktiwiteite soos ons kooroptredes.

Ek is seker u sal my gun om 'n baie spesiale woord van dank aan Paarl-skool se personeel te rig. Hul passie om reg te laat geskied aan ons visie, om die volle potensiaal van AL ons leerders te ontwikkel, is tasbaar in hul klasonderrig en die aanbied van onderskeie aktiwiteite.

Die ding van goeie feëverhale is dat hulle bly voortbestaan, want dit word oorvertel. Ek wil glo dat Paarl-skool se feëverhale oorvertel sal word om sodoende die wyer gemeenskap te betrek. Dit is die één manier om die pad gelyk te maak vir ons kinders en hul toekomsplanne, sowel as Paarl-skool se volhoubaarheid.

Pas ons feetjies mooi op gedurende die vakansie en maak tyd om te speel en sommer net lekker saam te lag!




Paarl-skool groete

Annaline Norman
Skoolhoof




**Waarde van die kwartaal**

# Verantwoordelikheid

Verantwoordelikheid beteken dat jy die dinge doen wat jy veronderstel is om te doen en die gevolge van jou dade aanvaar.

**'n Verantwoordelikheid:** *iets wat van jou verwag word om te doen.*

**Om verantwoordelik te wees:** *om te doen wat jy veronderstel is om te doen.*

**Aanvaar verantwoordelikheid:** *om die lof of die skuld vir iets wat jy gedoen het, te neem .*

# Hoofleiers

## TWEEDE KWARTAAL


## TROTS *op julle!*


Adriaan Nel


Danika van Nieuwenhuizen

# Landsdiens

Die Landsdiensleerders het hierdie kwartaal weer baie pret gehad. Ons het tydens ‘n kunsmiddag glaspotjies geverf en ‘n kersie ingesit om vir mamma ‘n kershouer te maak vir Moedersdag. Om Landsdiens se 110de bestaansjaar te vier het ons ‘n heerlike spitbraai gehou. Aan die einde van die kwartaal het die leerders lekker hoendersop en vetkoeke gemaak vir die gronde-personeel om dankie te sê dat hulle ons skool so netjies hou. Ons sien nou uit daarna om te gaan kamp wanneer die skool sluit.










# Kultuur

## Koor

Die koor het aan die **South African Schools Choral Eisteddfod** (SASCE) deelgeneem in die eerste rondte by die Wes-Kaapse Sportskool. Hulle het die eerste plek in die afdeling vir spesiale skole behaal. Ons sien uit na die provinsiale rondte wat gedurende Julie by Kunstekaap sal plaasvind. Ons hou duimvas!





#1

# Wêreldboekdag

UNESCO Wêreldboekdag word op 23 April gevier. Die tema was “Read your way”. By Paarl-skool moedig ons die leerders aan om te lees en dit te geniet. Lees soos jy wil en wat jy wil! As jy in jou sweetpak langs die sokkerveld wil sit en lees is dit 100% reg, solank jy dit geniet! Om die dag meer interessant te maak, het ons ‘n kompetisie gehad waar die leerders en die personeel moes raai watter onderwyser watter boek lees. Dit was groot pret en die leerders het soos ware speurders deur die skool gegaan en al die onderwysers se hande en ringe bekyk. Die wenners was Corné Swart (Voorskoolse Fase) en Carlé Terblanche (Funksionele Fase).










# Sport Hoogtepunte

## Landloop







Ons is aan die einde van die eerste helfte van ons landloopseisoen. Ons het die dapperheid van elke landloopatleet gevier. Landloop gaan nie oor op jou eie hardloop nie, dit gaan oor toewyding, passie en genot vir die sport. Dankie vir almal se aanmoediging vanaf die kantlyn, ons waardeer julle. Volgende kwartaal hou nuwe geleenthede in en ons sien uit daarna om onsself een tree op 'n slag te verbeter.

## Atletiek

Tatum Steiner, Lee-Shay Meyer en Jayde Hoff het gedurende April die Wes-Kaap by die Suid-Afrikaanse Hoërskool en LSOB-Kampioenskappe in die Paarl verteenwoordig. Twee van ons onderwysers het ook ons provinsie verteenwoordig: me. Ronel van Dijk (Wes-Kaapse Skole-atletiekbestuur) en mnr. Tiaan Koch (bestuurder S o/15). Baie geluk aan Lee-Shay Meyer; ons Suid-Afrikaanse kampioen en nuwe rekordhouer in Hoogspring Meisies o/13.



## Para-sport

Ons is baie trots op ons eie Reinet Barnard wat genomineer was vir 'n Suid-Afrikaanse Sporttoekenning in die kategorie Tegniese Amptenaar van die Jaar. Geluk ook aan Elanza Jordaan met haar nominasie vir die Suid-Afrikaanse Sporttoekenning in die kategorie Nuweling van die Jaar! Elanza en Karabo Morapedi, is as BC3 Boccia-paar vir hierdie toekenning benoem.







## Para-fietsry

Luke Adams en Tanica Byne het die Wes-Kaap tydens die vakansie by die SASAPD Nasionale Kampioenskappe in Bloemfontein verteenwoordig. Hulle het albei 'n goue medalje vir fietsry in hul onderskeie kategorieë ontvang.

## Skaak

Paarl-skool se skaakspan het die afgelope kwartaal vir die eerste keer aan kompetisies deelgeneem as deel van die LSEN-skaakliga. Ons het 3 wedstryde teen verskillende skole gespeel. Behalwe die 5 spelers wat deelgeneem het, het die res van ons spelers hard geoefen om hulle skaaktegnieke te verbeter. Ons sien uit na die res van die kompetisie-seisoen wat volgende kwartaal voortgaan.





Ons groet vir Tannie Charmaine. Ons was bevoorreg om haar vir meer as 5 jaar as deel van die **koshuis** te kon hê. Voorwaar 'n voorbeeld en 'n huismoeder met engelvlerke. Dankie vir alles wat jy vir ons en ons kinders beteken het. Geniet die aftrede!

# Nuus uit die fases

## Voorskoolse Fase

Dit was weer 'n voorreg om te sien hoe ons Voorskoolse Fase maatjies die afgelope kwartaal ontwikkel en gegroei het. Daar is met oorgawe gewerk, gesing, in die sand gespeel, op die klimraam baljaar en op die fietsies gery. Ons het ook 'n besoek van Giraffe House gehad en kon aan van die reptiele vat.

Woensdag, 15 Mei het ons in die groot saal die verhouding tussen grootouers en hul kleinkinders gevier - OUPA-EN-OUMADAG! Dit was 'n dag om dankbaarheid te betoon vir die bydrae wat grootouers in hul kleinkinders se lewens het. Die oupas en oumas is bederf met koffie, tee en heerlike eetgoed. Die leerders het hul grootouers vermaak met sang en 'n rympie. Die kinders was baie opgewonde en trots om vir oupa en ouma hulle klasse en speelarea te wys.

Baie geluk aan Juffrou Chané in die Graad R2E-klas wat op 29 Maart in die huwelik getree het. Ons wens vir haar en haar man 'n toekoms gevul met liefde.

Ons het met hartseer verneem van die afsterwe van Christine Lane, een van ons klasassistente, se eggenoot. Ons dink aan haar in hierdie hartseertyd.









## Grondslagfase

Henties (vrugtesap) het vir ons 'n poppekasvertoning aangebied om ons te leer om mooi met ander te werk en nie boelies te wees nie.



Een van ons klasassistente, Jacky Williams, het 'n pragtige babadogtertjie ryker geword! Welkom, Simoney!





Die tweede kwartaal was 'n opwindende kwartaal in die Grondslagfase! Giraffe House het by ons kom kuier en 'n verskeidenheid reptiele saamgebring. Die maats het aan die reptiele gevoel en gevat en selfs 'n groot, swaar slang vasgehou. Hulle was baie dapper en het dit verskriklik geniet!


Ons het 'n baie suksesvolle koekverkoping gehad. Baie dankie aan ons ouers wat ons so mooi ondersteun!



Op 28 Mei het ons gestem. Die "Geen huiswerk" party (vir die laaste twee weke van die kwartaal) het gewen! Almal het dit baie geniet en selfs 'n merkie op die duim gekry!

# Intermediêre Fase

In Graad 4 leer ons hoe om formele assesserings (toetse en eksamens) af te lê. Ons onderwysers begelei ons leerders deeglik sodat hulle presies weet wat van hulle verwag word. Leerders word na gelang van elkeen se uitdagings met lesers, skrywers en ander akkommodasies ondersteun tydens formele assesserings. Ons het hierdie kwartaal die eerste keer begin leer met kunsmatige intelligensie! Ons leerders leer hier saam met 'n aanlyn AI tutor wat vrae lees wat ons mondeling deur die mikrofoon kan beantwoord. Sodoende kan ons verseker dat elke kind goed voorbereid is vir die volgende dag se vraestel.





Die Intermediêre Fase verwelkom Alet Marais as departementshoof en ook 'n Graad 6-onderwyser.



Fisiese aktiwiteite en beweging is baie belangrik in alle fases van 'n mens se lewe. Hier speel die kinders te lekker bal buite saam met die onderwysers.



Dis darem nie net leer sonder pret nie! Ons leer probleemoplossings-vaardighede aan deur met fisiese speletjies te speel en voorwerpe te manipuleer. Wanneer ons kinders die konkrete werking van dinge verstaan, kan hulle begin om abstrakte denke te bemeester.


# Funksionele Fase

In die Funksionele Fase leer ons die lekkerste deur dinge te beleef. Ons het uitstappies na Tafelberg en Giraffe House baie geniet. Ons het ook geleer van die verkiesing deur ons eie stemdag in die fase te hou.














# Senior Fase

Soos ons die einde van die tweede kwartaal nader, wil ons ons dankbaarheid teenoor mev. Henda van Schalkwyk en mnr. Danie Nel, wie se onwrikbare toewyding, passie en kundigheid ons leerders se groei aansienlik beïnvloed het, uitspreek. Hulle waardevolle bydraes tot ons leerders se welsyn het ‘n blywende impak gemaak. As ons oor hierdie kwartaal nadink, het ons leerders op verskeie gebiede floreer. In skeppende kunste het hulle hul verbeeldingryke bekwaamheid ten toon gestel deur kunswerke wat president Mandela vier, te skep. Boonop het hul verkenning van musiek daartoe gelei dat hulle geleer het hoe om nuwe instrumente te speel, wat hul kreatiwiteit beklemtoon. In Natuurwetenskappe het praktiese eksperimente ons leerders se begrip van wetenskaplike konsepte verdiep wat nuuskierigheid en navrae oor die wêreld rondom hulle bevorder het. Hierdie ervarings het hul leerreis verryk.








## Werksvoorbereiding

Die kwartaallikse koffiewinkel was weereens ‘n hoogtepunt. Hierdie keer was ons gaste nie net vriende van die skool en donateurs nie, maar ook ons eie graad 9-maats. Ons kon hulle heerlik bederf tydens hierdie spesiale geleentheid, waar die werksvoorbereidingleerders leer van kos-voorbereiding, barista-take en kelners wees.











Baie geluk aan mnr. Furlon Isaks wat sy B.Ed-graad verwerf het.

Dit is planttyd in ons groentetuin. As deel van landboustudies, plant die werksvoorbereidingleerders saailinge. Een van die dae eet ons koshuisleerders vars groente uit ons skool se eie tuin.





# Ondersteuningspan

## Gesonde kosblikke en eetgewoontes

Dis belangrik dat kinders gereelde, voedsame maaltye geniet om hul fisiese- en geestesgesondheid te bevorder.

### Ontbyt

Deur die dag te begin met 'n voedsame, goed gebalanseerde ontbyt help kinders konsentreer en leer om sodoende hul volle potensiaal te bereik.

### Water

'n Gesonde kosblik sluit WATER en van die volgende 3 komponente in.

### Boukos

proteïen en melkprodukte

Proteïen bou, handhaaf en herstel liggaamsweefsel.
Melkprodukte bevat kalsium vir sterk tande en bene.

### Energiekos

koolhidrate

Voorsien energie vir groei en fisiese aktiwiteite.
Verkieslik lae GI volgraan of bruinbrood wat stadig verteer om energievlakke hoog te hou.

### Beskermkosse

vrugte en groente

Verskaf vitamiene en minerale om die liggaam te beskerm, siektes te beveg en help met spysvertering.

### Vermy/beperk

Kinders wat te min eet of wipplank suikervlakke (a.g.v. lekkergoed) het, kan moeg en lusteloos voel en ook maklik geïrriteerd, huilerig of selfs aggressief optree.

Gesonde kosblik hou aktiewe kinders gefokus en verseker genoeg energie om aan al die dag se aktiwiteite deel te neem.

## Assesseringsakkommodasies

Op 9 April het Paarl-skool se AA-hulpe weer die ekstra myl geloop deur 'n "top-up" werkswinkel by te woon. Soos altyd, was die samesyn heerlik. Ons is bevoorreg om 'n groep lojale AA-hulpe te hê wat net hulle beste doen om ons leerders korrek en regverdig te akkommodeer tydens formele assesserings. Ons sê DANKIE en ons waardeer julle.



## Ons groet...

Twee briljante en geliefde terapeute in die ondersteuningspan.



**Hanlie Terry - Arbeidsterapeut**

Tree af na altesaam 24 jaar onbaatsugtige diens by Paarl-skool. Ons gaan jou mis, maar wens vir jou 'n wonderlike aftrede. Geniet die vryheid en al die lekker dinge wat jy beplan.

**Candice Da Rocha- Fisioterapeut**

Het 'n pos aanvaar as Hoof Opvoedkundige-terapeut by die Metropool Noord Onderwysdistrik. Sy laat 'n groot leemte na 15 jaar by Paarl-skool, maar ons wens vir haar net die beste toe in haar nuwe betrekking.



# Inligtingsaand

Op 2 Mei 2024 het Paarl-skool 'n spesiale inligtingsaand aangebied. Dit was 'n netwerk- en inligtingsgeleentheid, spesifiek ontwerp vir professionele persone wat belangstel in riglyne rakende spesiale skoolplasingskriteria en die verwysingsproses. Gaste kon kontak maak met mede-professionele persone uit verskeie velde terwyl hulle heerlike eet- en drinkgoed geniet het. Dr Adri van der Walt was ons gasspreker.









# PSOS

## Paarl-skool Ontwikkelingstigting

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is ‘n nie-winsgewende geregistreerde organisasie met die doel om fondse vir die skool in te samel, asook bewustheid te skep vir die wonderlike dienste wat Paarl-skool aan gestremde leerders bied. Ons nooi u uit om betrokke te raak hierby.

## Wynveiling

Ons liefdadigheidswynveiling op 22 Mei by Eensgezind was ‘n aand vol vreugde en opwinding. Ons is ongelooflik dankbaar vir elkeen se bydrae tot die aand se sukses. ‘n Nuwe rekordbedrag is ingesamel, en elke donateur en gas se mooi gesindheid sal ons bybly. Baie dankie! Tot volgende jaar weer!










Ons **doppieprojek** groei! Baie dankie aan elkeen wat vir ons skoon doppies bring. Takunda Muchuweni, oud-leerder en tans junior stadsraadslid van Kaapstad, se projek, Greenwheels, samel ook doppies in vir ons. Baie dankie, Takunda, ons is trots op jou!



# Loslitdag

Ons kan nie wag vir Loslitdag, die Nasionale Raad vir Gestremdes se bewusmaking en fondsinsamelingsprojek, op Vrydag 6 September nie. Loslitplakkers kan teen R20 per plakker gekoop word. Skole en besighede kan ons ondersteun. Ons sal dit waardeer indien u van u kontakte kan nader om vir Paarl-skool te ondersteun met Loslitdag.

# Lojaliteitsprojekte

Klik om te registreer

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met u **SchoolDays** (Dis-Chem) en **MySchool** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die "swipes"! Baie dankie, Schooldays en MySchool vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.







# Sosiale media



Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skool stories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.

Klik om te volg

# Klub100

Met hierdie projek kan goedhartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skool leerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.

# MEMO

## Korporatiewe donasies

Die PSOS is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.


# Pick-a-Pearl



Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.

# Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!



# Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingstigting se webwerf!

**https://www.paarlschooldf.com/**

Klik vir webwerf

# Kontakbesonderhede

**Martie Wilmot:**
ontwikkeling@paarlskool.org.za
**Elizbè van der Colff:**
psos@paarlskool.org.za
021 981 3756
071 972 2967

Paarl Skool School
Ontwikkelingstigting
Development Foundation